# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (36/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 7 September 2018

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

***"Europe is made of history, America of philosophy, Asia of prosperity, and Africa of opportunity" Sami Leino***

## CGA LOGISTIEKE STRATEGIESE SESSIES

Mitchell Brooke is besig om met produsente en uitvoerders oor die CGA se Noordelike Streke 5 Punt Logistieke Plan te vergader. Hy het voorgestel dat produsente en uitvoerders wat graag logistieke strategieë persoonlik met hom wil bespreek, hom moet kontak. Hy reis volgende week na Kaapstad en is beskikbaar om met uitvoerders, op versoek, te vergader. E-pos mitchell@cga.co.za.


## VARIÈTEITSFOKUSGROEP VERGADERINGS SE NOTULES

Produsente is baie verskuldig aan diegene wat hulle gekies het om hul op die variëteitsfokusgroepe te verteenwoordig. Hierdie groepe vergader ten minste een keer per maand gedurende die seisoen. Onderwerpe wat gedek word, sluit die opdatering van die voorspelde uitvoervolume, marktoestande, vrugkwaliteit en enige ander kwessie in wat daardie variëteit raak. John Edmonds berei uitstekende notules van hierdie vergaderings voor, wat dan op die "slegs vir lede afdeling" van die CGA se webwerf (www.cga.co.za) geplaas word. Produsente word aangemoedig om na die notules te kyk en enige bespreking met hul fokusgroepverteenwoordigers op te neem. Vanjaar het die Nawel en Valencia variëteitsfokusgroepe gesamentlike vergaderings gehou - die notules van hierdie week se vergadering sal binnekort op die webwerf beskikbaar wees (indien nie alreeds nie).


## ASIAFRUIT LOGISTICA

Hong Kong het die afgelope week weer die AsiaFruit Logistica handelsskou aangebied. Danksy DTI en FPEF, was die Suid-Afrikaanse stalletjie weereens goed ontwerp en baie besig. Wat opmerklik is, is die verbetering in ontwerpe van die verskillende lande se stalletjies - sowel as die grootte. Die stalletjie van Egipte was verseker baie groter as vorige jare, terwyl Spanje ook 'n merkbare teenwoordigheid gehad het. Een van die hoogtepunte van die besoek is altyd die geleentheid om mede suidelike halfrond vars vrugte-uitvoerders by die SHAFFE-vergadering te ontmoet (en die gebruiklike "Pisco sour" by die Peru-stalletjie). Danksy die hardwerkende SHAFFE-sekretariaat in die persoon van Nelli Hajdu, het ons baie interessante en relevante analises en inligting ontvang. Dit is altyd interessant om te sien wie wat in die mark instuur (aanbieding beskikbaar op aanvraag). Hieronder is 'n uittreksel uit die aanbieding.

Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA




Temperate fruit imports by origin/value




SHARE of SHAFFE members in Top 14-Asian countries

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 35 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 13.6 m | 15.6 m | 18.3 m | 14.6 m | 17.4 m | 16.8 m | 18.6 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 11.8 m | 12.9 m | 15 m | 12.2 m | 14.7 m | 14.7 m | 17 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 14.5 m | 18.4 m | 18.5 m | 18 m | 17.9 m | 20.6 m | 19.9 m | 19 m |
| Nawels | 26.1 m | 20.9 m | 26 m | 20.9 m | 25.4 m | 25.7 m | **26.2 m** | 21.1 m |
| Valencias | 34.5 m | 40.7 m | 35.2 m | 32.8 m | 28.4 m | 53.9 m | 51.2 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **100.5 m** | **108.5 m** | **113 m** | **98.5 m** | **103.8 m** | **131.7 m** | **132.9 m** | **123 m** |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**